Bloemfontein Baptiste Kerk
Saam groei ons tree vir tree

# JESUS HORISONTAAL 4 – Aanvaar Mekaar

## Afskop

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

## Vrae vir Bespreking:

> *Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.*

**Wat van die preek het vir jou uitgestaan of stem jy nie mee saam nie? Verduidelik.**

**Hoekom dink jy is daar soveel pole van opinies tussen mense? Hoekom dink jy raak mense amper aggressief teenoor mense met ander opinies of sienings?**

**Dink jy bogenoemde lyk anders tussen Christene op die oomblik? Watter uitwerking het dit? Verduidelik.**

**Kan jy terugdink aan 'n geleentheid in jou lewe waar iemand jou aanvaar het toe niemand anders het nie en die verskil wat dit gemaak het in jou lewe? Vertel vir die res van jou groep.**

**Hoe maklik is dit vir jou om mense met ander opinies en manier van doen te aanvaar? Hoekom dink jy is dit so?**

---

---

---

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**Lees Romeine 15:1-7. Wat dink jy beteken dit om die "*swakhede*" van ander te verdra?**

---

---

**Dink jy hierdie tipe verdra waarvan Paulus praat beteken dat ons kla gereeld daaroor en voel gefrustreerd met die mense, of is dit om dit te sien vir wat dit is en mense te help en op te bou? Verduidelik.**

---

---

**Wat dink jy bedoel Paulus in Romeine 15:7 as hy sê ons moet ander aanvaar "*tot eer van God*"?**

---

---

**Lees Romeine 14:1-3, 13 en 15. Hoe sal jy die kern van hierdie 5 verse beskryf?**

---

---

**Wat bedoel Paulus in Romeine 15:15 as hy sê dat ons nie meer volgens die liefde leef as ons iets doen wat aanstoot gee? Van watter liefde praat Paulus?**

---

---

**Lees Romeine 14:18-19. Wat bedoel Paulus met "*wie op hierdie manier vir Christus dien*"?**

---

---

**Dink jy dit beteken dat die manier hoe ons ander mense se opvattings respekteer en aanvaar, iets van ons verhouding met Christus wys?**

---

---

**Wat dink jy bedoel Paulus met Romeine 15:19? Hoe sal dit in jou lewe lyk?**

---

---

**Na watter persone in jou lewe moet jy hierdie week uitreik, selfs al verskil hulle opvattings van joune?**

**Is daar dalk persone vir wie jy om verskoning moet vra oor hoe jy hulle hanteer het as gevolg van julle opvattings wat verskil van mekaar? Wat kan jy doen wat vir hulle goed sal wees en sal opbou in geloof?**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**